# HOëRSKOOL EBEN DöNGES HIGH SCHOOL

**Posbus 93, Kraaifontein**
**Van der Bijlstraat**
**KRAAIFONTEIN, 7570**
**Tel no: 021 988 7430/9**
**E-pos: head@edonges.org.za**

**PO Box 93, Kraaifontein**
**Van der Bijl Street**
**KRAAIFONTEIN, 7570**
**Tel no: 021 988 7430/9**
**E-mail: head@edonges.org.za**

Liewe ouers

Soos ons die nuwe jaar begin wil ek graag die volgende inligting met u deel. Gedurende die afgelope 2 jaar, sedert die aanvang van Covid-19, het ons talle dissiplinêre probleme van leerders ervaar wat hul akademiese prestasie beïnvloed het. Met die volgende kommunikasie wil ek graag die volgende onder die aandag van alle ouers bring.

1. Skooldrag

Vanaf 19 Januarie 2022 moet leerders die korrekte uniform dra soos voorgeskryf in die gedragskode vir elke kwartaal, of dit nou somer- of winterdrag is. Leerders het 'n afskrif van die gedragskode ontvang toe hulle met graad 8 in 2020 begin het. 'n Afskrif van die gedragskode is beskikbaar op die skole se webwerf (www.edonges.org.za).

2. Voorkoms

Seuns moet sorg dat hul hare deurgaans eweredig gesny word. Hulle moet ook sorg dat hulle gereeld hul baard en snorre skeer.
Meisies moet sorg dat hul hare altyd netjies vasgemaak is. Meisies wat vlegsels het, moet seker maak dat dit by die voorskrifte in die gedragskode hou. Meisies mag klein oorbelle dra asook 'n horlosie, maar geen ander juweliersware word toegelaat nie, veral neusringe.

3. Laatkoms en afwesigheid

Leerders wat laat kom sal op detensie geplaas word. Detensie sal vanaf die eerste kwartaal van 2022 weer plaasvind. Wanneer leerders afwesig is, is ouers verantwoordelik om die skool so gou moontlik in kennis te stel. Ouers moet ook bewyse van afwesigheid skool toe stuur, dws dr sertifikaat of 'n brief om die rede vir leerder se afwesigheid te verduidelik.

4. Dissipline

Ons sal ook vanaf hierdie kwartaal die puntestelsel begin implementeer. Leerders sal punte kry vir oortredings. Wanneer 'n leerder 30 punte bereik, sal die ouer 'n brief ontvang vir kennisname. Wanneer die leerder 60 punte bereik, moet ouers die graadhoof kom sien. Wanneer die leerder 100 punte bereik, sal die leerder na die Beheerliggaam verwys word.

5. Akademies

Akademiese detensie sal ook heringestel word weens leerders wat nie huiswerk doen nie. Leerders kom steeds op alternatiewe dae skool toe, moet dus huiswerk en take voltooi op die dag wanneer hulle by die huis is. Die dros van klasse word in 'n ernstige lig gesien en leerders

sal detensie ontvang. Indien 'n leerder aanhou om klasse te dros, sal sy klasse opgeskort word totdat die ouer die graadhoof sien.

Leerders wat nie detensie bywoon nie, se klasse word vir 2 dae opgeskort. Enige ontwrigting gedurende klastyd sal nie geduld word nie en leerders sal detensie klas moet bywoon. Kontaktyd met opvoeders is beperk, daarom word ouers versoek om die belangrikheid van kwaliteit kontaktyd met leerders te deel.

6. Kommunikasie

Dit is belangrik dat ouers en opvoeders op 'n gereelde basis met mekaar kommunikeer. Ouers moet seker maak dat korrekte kontakbesonderhede by die skool op rekord is. Die skool gebruik 'n sms-stelsel om daagliks met ouers te kommunikeer, daarom is 'n korrekte kontaknommer noodsaaklik. Ouers moet ook seker maak dat hulle die skole se webwerf op 'n gereelde basis besoek aangesien inligting ook op hierdie platform gedeel word.

Ouers word ook versoek om by die graad 10 Whatsapp-groep vir ouers aan te sluit deur die volgende skakel te gebruik: https://chat.whatsapp.com/G3lLS3snGAJ6Pyfjot1YEY of gebruik die volgende QR-kode




**H van Zyl**
**Skoolhoof**

**AH Du Plessis**
**Graadhoof**